HOOGFEES, FEES & HERDENKING

Wat is 'n *Hoogfees*? En hoe verskil dit van 'n *Fees* of 'n *Herdenking*? Kom ons probeer om die onderskeid tussen hierdie vieringe, wat ons liturgie so verryk, te verduidelik!

Bykans 2000 jaar lank al bied die Kerk ons veel om te vier en te gedenk. Ten einde al ons spesiale dae en hul toepaslike belangrikheid te organiseer, het die Kerk 'n Universele Liturgiese Kalender daargestel en verfyn.

Nodeloos het die huidige Liturgiese Kalender oor die verbygegane eeue hersiening ondergaan en vandag word vieringe van die Kerk in drie kategorieë ingedeel: Hoogfeeste (ook *Plegtighede* genoem), Feeste en Herdenkinge, elk met eie graad van belangrikheid.

Hierdie is 'n bondige oorsig van elke kategorie. Om meer te verstaan omtrent die nuanses van die Liturgiese Jaar word u aangemoedig om byv. Die Inleiding tot die Romeinse Altaarmissaal en ander liturgiese bronne te konsulteer.

Die klassifikasie van 'n spesifieke viering kan afhangend die plek waar dit plaasvind verander. So word St. Bernard byv. in die Universele Liturgiese Kalender as 'n verpligte Herdenking gevier terwyl die Europese Kerk weer dié dag as 'n Fees gedenk, aangesien St. Bernard een van die patroon heiliges van Europa is. In die Bisdom Montecasino en die Abdy van Montecasino waar St. Bernard begrawe is, word dié dag as 'n Hoogfees gevier.

VERDUIDELIKING VAN SIMBOLE WAT IN DIE DIAGRAMME GEBRUIK WORD:

- ✓ JA
- ✖ NEE
- ❁ UNIEKE OMSTANDIGHEDE NA GELANG VAN DIE BETROKKE OMSTANDIGHEDE EN KERKSEISOEN.

HOOGFEESTE

Hoogfeeste is die hoogste rang van ons vieringe en word gereserveer vir die belangrikste geheimenisse van ons geloof: Byv. Paasfees, Pinkster, die Onbevlekte Ontvangenis, Christus Koning, die Heilige Hart, ens. Hierby val sekere vieringe wat sommige Heiliges eer wat van besondere belang in die geskiedenis van verlossing voorkom: Byv. St. Petrus en St. Paulus en St. Johannes die Doper. Sondae en Verpligte Kerkdae word ook as Hoogfeeste gevier.

Sommige Hoogfeeste is voorskrif feeste (verpligte feeste) en ander is nie: Die pastorale werklikheid van elke land beïnvloed die besluit. Die Plegtighede wat op Sondae val, word op Sondae gevier wanneer hulle in Gewone Tyd en in die Kerstyd voorkom. Indien hulle op Sondae in die Advent en die Vastyd voorkom, word die Plegtighede na die Maandag verplaas. Tydens die Goeie Week is daar spesifieke voorskrifte wat geld.

Sommige Hoogfeeste is datum gebonde en word jaarliks op dieselfde datum gevier: byv. St. Josef, 19 Maart, terwyl ander op datums in verhouding met ander liturgiese vieringe (Pinkster 50 dae na Paasfees).

Op 'n Hoogfees word drie Skriflesings, die Smeekbedes, die Geloofsbelydenis en die Gloria tydens die Eucharistieviering gebruik en gebid: Selfs in boete seisoene van die Advent en die Vastyd. So 'n Hoogfees is voorsien van Eie Gebede en dikwels ook 'n spesifieke Prefasie tot die Eucharistiesegebed.

VAN DIE MEER BEKENDE HOOGFEESTE:

MARIA, MOEDER VAN GOD	1 JANUARIE
ST. JOSEF, EGGENOOT VAN MARIA	19 MAART
PAASFEES	
MARIA TEN-HEMELOPNEMING	15 AUGUSTUS
ALLER HEILIGES	1 NOVEMBER
ONBEVLEKTE ONTVANGENIS VAN MARIA	8 DESEMBER
KERSFEES	25 DESEMBER

FEES

Op Feesdae word daar op een of ander geheimenis of titel van Jesus, Ons Liewe Vrou asook spesifieke Heiliges; byv. die Apostels, die Evangeliste en ander van groot historiese belang soos St. Lourens van Rome, Diaken en Martelaar, gefokus.

Aangesien Sondae as 'n Hoogfees herdenk word, word 'n Feesdag nie gevier indien die Fees op 'n Sondag val nie. Die *uitsondering* is Feeste van die Here Jesus (byv. die Gedaanteverwisseling) wat *wel* op 'n Sondag gevier word indien die Feesdag in 'n spesifieke Kerkjaar op 'n Sondag val. Indien dit die geval is, word die indeling vir 'n Hoogfees gebruik (3 Skriflesings, die Geloofsbelydenis, Aandgebed I, ens.).

Terwyl spesifieke tekste en Eie Gebede vir Feeste gebruik word (soos die geval vir Hoogfeeste) bevat Feeste gewoonlik minder eie tekste en gebede.

Buiten St. Petrus en Paulus (Hoogfees - 29 Junie) word al die ander Apostels met Feeste herdenk.

VAN DIE MEER BEKENDE FEESTE:

DIE DOOP VAN ONSE HERE	11 JANUARIE
DIE GEDAANTEVERWISSELING VAN ONSE HERE	6 AUGUSTUS
MARIA GEBOORTE	8 SEPTEMBER
DIE AARTSENGELE GABRIEL, MIGAEL & RAFAEL	29 SEPTEMBER
ALLERSIELE	2 NOVEMBER
DIE INWYDING VAN DIE LATERAANSE BASILIEK	9 NOVEMBER
DIE ONSKULDIGE KINDERTJIES	28 DESEMBER

HERDENKING

Die viering van 'n Herdenking kan of as 'n verpligte of opsionele ('n Keuseherdenking) Herdenking voorgeskryf word, afhangend van wat of wie herdenk word. Of die viering nou verpligtend of opsioneel is maak nie saak nie, want alle Herdenkinge word op dieselfde manier benader en gevier.

Herdenkinge beskik oor Eie Openingsgebede. Die res van die tekste en gebede word geneem uit 'n korpus tekste en gebede wat spesifiek vir die lewensstaat (martelaar, opvoeder, priester, maagd, ens.) van die Heilige wat herdenk word, saamgestel is en wat vir alle soortgelyke Herdenkinge gebruik word.

Spesifieke Skriflesings vir die Herdenkinge is wel beskikbaar, alhoewel dit verkieslik is dat die normale siklus van die Kerkseisoen waartydens die Herdenking val nie onderbreek sal word nie: Dus word die spesifieke Skriflesings nie altyd gebruik nie. Wanneer 'n Gebeurtenis of Heilige in die Heilige Skrif voorkom word die spesifieke aangewese Skriflesings *wel* gebruik (byv. Marta of Barnabas).

Tydens die Vastyd- en die Adventseiesoen, veral vanaf 17 tot 24 Desember, word *net* die Eie Openingsgebed vir die Herdenking gebruik. Die res van die tekste en gebede vir die Herdenking word uit die Eie van die Dag geneem.

VAN DIE MEER BEKENDE HERDENKINGE

THOMAS VAN AQUINO	28 JANUARIE
PAULUS MIKI EN METGESELLE	6 FEBRUARIE
PERPETUA EN FELICITAS	7 MAART
ONSE LIEWE VROU VAN FATIMA	13 MEI

Ignatius van Loyola	31 Julie
Padre Pio	23 September
Terese van Lisieux	1 Oktober
Luigi Scrosoppi	5 Oktober
Franciskus Xavier	3 Desember

'N BESONDERE UITSONDERING

Die Fees van Allersiele, wat op 2 November gevier word, geniet voorrang bo Sondagvieringe, hoewel die Fees nie die rang van 'n Hoogfees geniet nie.

GEOGRAFIESE VARIASIES

Dikwels word vieringe gevarieer (byv. 'n ander voorrang), afhangende die geografiese streek waar die viering plaasvind. Die rede hiervoor is dat sommige Heiliges, byv. St. Patrick, die primêre patroon heilige van Ierland wat in die Universele Kerkkalender as 'n Keuseherdenking aangedui word maar wat in Ierland (en waar Iere hulself bevind), as Hoogfees of Fees gevier word.

Die variasies kom ook onder religieuse Ordes en Gemeenskappe van Apostoliese Lewe voor: St. Filip Neri, stigter van die Oratorium, word as Fees in die Universele Kerkkalender gelys, terwyl elke Kongregasie van die Oratorium van St. Filip Neri wêreldwyd die dag op plegtige wyse gedenk; dus as 'n Hoogfees.

Daar is ook Hoogfeeste soos byv. Corpus Christi, wat ooreenkomstig die besluit van die plaaslike Biskoppe Konferensie of as 'n verpligte Hoogfees verklaar word of nie.

HOOGFEES

Rang	Viering					
1	✓	Verpligtend	✓	Begin met Aandgebed I		
Verpligte Misgedeeltes						
✓ Gloria	✓	Geloofsbelydenis	✓	Smeekbede		
Skriflesings			**Mistekste**			
3 Insluitend Beurtpsalm	✓	Eie Skriflesings	✓	Eie Mistekste	✘	Mistekste van die Dag

FEES

Rang	Viering					
2	✓	Verpligtend	✘	Begin met Aandgebed I		
Verpligte Misgedeeltes						
✓ Gloria	✘	Geloofsbelydenis	✘	Smeekbede		
Skriflesings			**Mistekste**			
2 Insluitend Beurtpsalm	✓	Eie Skriflesings	✓	Eie Mistekste	✘	Mistekste van die Dag

HERDENKING

Rang	Viering					
3	❁	Verpligtend	✘	Begin met Aandgebed I		
Verpligte Misgedeeltes						
✘ Gloria	✘	Geloofsbelydenis	✘	Smeekbede		
Skriflesings			**Mistekste**			
2 Insluitend Beurtpsalm	❁	Eie Skriflesings	❁	Eie Mistekste	✘	Mistekste van die Dag